

24 Mei

Johannes 11:21-25

Die ewige Verlosser nooit te laat om te red nie

Maria en Martha meen altwee die Here het te laat gekom. Te laat om Lasarus te help. Altwee sê: "Here as U hier was, sou my broer nie gesterwe het nie."

Nou kom Jesus daar aan as Lasarus al vier dae dood is. "Hy ruik al".

So meet ons mense maar altyd die Here met ons menslike maatstawwe. Hoeveel keer is ons immers nie te laat om te help nie? Ook te swak en te dom om werklik te help?

Tog die Here kan nooit te laat wees nie. Hy kan ook nie te magteloos wees om sondaars in die diepste ellende te help en te verlos nie. Jesus is ewig en almagtig.

So moes Martha en Maria en baie mense daar ook nog die Here leer ken het.

So het die Here Hom bekend gemaak in woord en daad: "Ek is die opstanding en die lewe". Hy is ewig-almagtig. Hy is altyd. So het die Here Homself al aan Moses bekend gemaak: "Ek is". Hy is gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde. Ons kan Hom nie begryp nie. Ons kan egter so in Hom glo en vertrou want so maak Hy Hom bekend in woord en daad. Ook hier by die graf van Lasarus. As die Here roep: "Lasarus, kom uit" dan kom hy lewend uit die graf.

Die Here doen hierdie almagsdaad dat ons Hom kan ken in die geloof en volkome op Hom kan vertrou. Hy is ewig. Hy is die opstanding en die lewe. So kan ons in Hom glo. Deur sy eie opstanding het Christus dit nog bevestig.

So kan ons deur die geloof saam met Hom sterwe en ook saam met Hom opstaan tot die ewige lewe. Ja, ook vandag. Ware bekering beteken om saam met Christus te sterwe vir die sonde en om saam met Hom op te staan tot 'n nuwe oorwinningslewe.

Sing: Psalm 33:5

Ds. P.J.W. Linde (Ventersdorp)